DIE GEREFORMEERDE

Vroueblad

OKTOBER 2018

Lewe 'n loflied

Soli Deo Gloria... die eggo van die Hervorming

My liggaam 'n loflied

GEMEENTEKUIER: GK LINDEN

PRYSE (per tydskrif):
SELF-AFHAAL: R 20-00
GROEPE (POS): R R29-19
INDIVIDU (POS): R31-37
ELEKTRONIES: R10-46

www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Inhoud
Oktober 2018

Gereeld
3 Redakteursbrief
4 Lidmaatpraat
5 Sodat my huis kan vol word: Evangeliseer tot eer van God die Vader

In-diepte
5 Die eggo "*Soli Deo Gloria*"... van die Hervorming tot nóú
8 My lewe 'n loflied... te midde van beproewing
10 My lewe 'n loflied... omdat ek dankbaar is

Leefdinge
12 My liggaam 'n loflied
14 Teks & Vers: Lewe 'n lofoffer
15 Teks & Vers: Dagboek
16 Boekeblad: *Losing Emma... Finding Hope*
18 Bybelse berading: Dr. Trudie
20 Leef en laat leef – loof!
22 Die mooiste lied
24 Gemeente-Mosaïek: Ons kuier by Die GK Linden
26 Gemeente-Mosaïek: Saamtrekstreke 2019
27 Bybelstudie Saamtrektema 2019 (2)
28 Resepteblad: Piesangbrood
29 Lees in November 2018
29 Gemeentedagboek
29 Intekenvorm
30 Hartskatte
31 Die mens, geskape verhoudingswese: Die gelowige vrou en grond en water
32 Kaleidoskoop Oktober 2018

REDAKSIEKOMMISSIE:

REDAKTEUR	Cobie Steyn
ASSISTENTREDAKTEUR	Vakant
GRAFIESE ONTWERP EN UITLEG	Karien Brink
SEKRETARESSE	Marlette van Rooyen
WEBREDAKTEUR	Grietjie Prinsloo
ADDISIONELE LEDE	Ds. Johan Botha & Annamie Odendaal

Posadres:
Die Redakteur: Die Vroueblad, Posbus 178, Lydenburg 1120, Faks: Die Vroueblad 086 714 6157
E-pos adres: Cobie Steyn, cobiesteyn@live.com
Internetadres: www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Navrae: Rekenings, adresveranderings, intekening, bladbouers:
Me. Angie Mokobi: Tel (018) 297 3986, tydskrifte@gksa.co.za

Eienaars en uitgewers: Deputate Kerklike Tydskrifte GKSA

Intekengeld:
VROUEBLAD (SELF AFHAAL BY ADMIN BURO, POSGELD UITGESLUIT): R 220 per jaar
• ELEKTRONIESE INTEKENING: R115 per jaar
• VROUEBLAD (IN GROEP NA DIE GEMEENTE, POSGELD INGESLUIT): R 321 per jaar
• VROUEBLAD (WORD GESTUUR, POSGELD INGESLUIT): R 345 per jaar
HIERDIE TARIEWE GELD VANAF 1 JULIE 2018 TOT 30 JUNIE 2019.
(Intekening word as voortgesit beskou solank dit nie gekanselleer word nie.)

Drukkers: V&R Drukkers, Tel 012 333 2462, ISSN 0378 407 X

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA

Ander publikasies van die GKSA:
- Die Kerkblad
- Die Slingervel (Laerskoolkinders)
- Die Kruispad (tieners en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons *Facebook*blad en vertel ons meer van hoe jy jou lewe as 'n loflied tot eer van God leef of wil leef.

JAARGANG 73 NOMMER 5

Lewe'n Loflied

— brief van die redakteur —

VROUEBLAD LOFLIED

gebed om 'n reënboog

heilige prisma
ek wat 'n klein-klein liggie prik
bid dat jy my dwarsdeur jou moet pluk
dat ek sewekleurig na omhoog
in 'n loflied jou kan loof

(Deur Rosa Smit; Uit: *Die Braambos Brand*, 1987: Tafelberg Uitgewers)

My liewe susters in die geloof,

Ek het self nooit my man se oupa (aan sy pa se kant) geken nie. Maar so word die storie nou maar familielangs vertel dat Oupa en Ouma te oud geword het vir alleen in hulle huis bly en hulle moes ouetehuis toe gaan. Daar het Oupa doodluiters sy gewoonte wat hy op die plaas gehad het, voortgesit. Soggens vieruur het hy Bybel gelees en gebid en dan kliphard lofliedere gesing. Toe die verpleegster hom nader met "Oupa, jy kan nie hierdie tyd van die oggend so hard sit en sing nie – jy steur die ander inwoners", was sy antwoord: "Sustertjie, niemand gaan my keer om my Here te loof nie!"

Watter wonderlike getuienis gaan daar nie van sy woorde uit nie. En so behoort elkeen van ons ook oor te borrel van lof aan God vir sy oneindige genade en liefde. Ons lewens, elke minuut en elke asemteug, behoort lewende lofliedere vir God te wees. Is dit nie juis wat die Hervormers ook bely het met die woorde '*Soli Deo Gloria*' nie? Aan God alleen die eer!

In hierdie maand waarin ons die Reformasie herdenk, dink ons dan ook aan die eggo van die Reformasie dwarsdeur die eeue tot nou (p. 6-7) en dan fokus ons verder op die praktiese sy van '*Soli Deo Gloria*', naamlik dat elke gelowige 'n loflied tot eer van God moet lewe onder álle omstandighede.

Ons vier ook hierdie jaar die 400ste bestaansjaar van die Dordtse Leerreëls wat voortgevloei het uit en opgestel is deur die Sinode van Dordt wat sedert November 1618 - Mei 1619 in sitting was. Die Dordtse Leerreëls verduidelik aan ons die uitverkiesing soos wat God dit aan ons in die Bybel openbaar en is opgestel om die dwalinge van Jacobus Arminius en Franciscus Gomarus (twee professore van Leiden) oor die uitverkiesingsleer te weerlê.

Oktober, die mooiste mooiste maand (en ook al lekker somer-warm), herinner ons sterk daaraan dat die jaar amper op sy rug lê, dat skole en universiteite vere regskud vir die eindeksamens. By die werk begin almal ook in aller yl werk (en dalk jaag!) om die laaste doelwitte te bereik.

Sterkte toegebid vir die laaste deel van die jaar. Mag elkeen van ons, al is ons moeg en die knieë dalk lam hier in die pylvak van 2018, begeesterd bly om toegewyd lofliedere tot God se eer te leef!

Aan God behoort die eer en die heerlikheid vir altyd!

Cobie Steyn

Ons is op *Facebook*: Gereformeerde Vroueblad. Gaan *Like* ons!

My lewe 'n loflied te midde van beproewing

DEUR ANNAMIE ODENDAAL

Sonder die Here se genade sal niemand 'n loflied sing nie. Ons lofliedere ontstaan ook te midde van beproewing wanneer ons bewus word van God se genade te midde van die storm.

LIDMAATPRAAT

Filia Jansen van Vuuren: Daar borrel 'n fontein binne my van blydskap oor wie die Here is en wat Hy doen in mense se lewens… en ook in myne. Hy roep ons op die naam en ons behoort aan Hom. Ons Koning praat met ons! Daar was al baie beproewings en ek is nie vrygeskeld van beproewings net omdat ek vry is in Jesus nie. Dit is juis wanneer ek beproef word en Jesus se beskerming ervaar en dan beleef hoe Hy my dra en vir my die pad wys, wanneer ek vas glo dat die Vader my liefhet en my nooit sal verlaat nie…dit is juis dan dat ek met oorgawe getuig dat my lewe nie 'n gewone lied is nie, maar 'n loflied!

Ek strompel die huis binne, gedaan na liggaam en gevoel en gees. Hoe is dit moontlik dat iemand só jonk só siek kan wees? Hoekom moet medikasie en behandeling met siekte saamspan om 'n sieke se lyding so erg te maak? Hoe is dit moontlik dat die gesinslede se lyding so bitter, bitter los van die sieke s'n is en tog so ineengeweef daarmee? Hoekom moet die kinders so swaarkry?

Die paar dae in die huis van 'n jong gesin wat ek al baie lank ken, en graag deur 'n krisis gaan help het, het my gestroop van elke greintjie lewenslus en lewensvreugde. Ek gaan sit en staar blind voor my uit...

Dan trek 'n kleurvolle voëltjie met 'n swart kuifie skielik my aandag. Hy sit op die rugleuning van 'n stoepstoel feitlik teen die venster. Hy kyk seker na sy weerkaatsing. Te oulik. Dan begin hy te sing en my asem slaan weg. Hierdie voëltjie se liedjie het my nog altyd laat glimlag! Is dit hoe hy lyk? Veral na my man se skielike dood het hierdie tril-liedjie vir my simbool geword van 'n aanhouer wat hoog in 'n boom sit en tevrede-gelukkig sing oor die blou lug en die son se behaaglike hitte.

Dis die kuifkophoutkapper, het my pa my geleer. Hy sit altyd op een van die hoogste takke en sing – heeltemal te ver om te kon sien hoe hy lyk. Die Here het geweet net hoe om my te troos.

Hoeveel maniere het Hy om vir sy kinders te sê: rus sonder spanning in My arms. Ek het jou innig lief. Selfs die wreedste swaar werk om jou nader aan My te bring. Is dit dan nie elke traan werd nie?

****

Swaarkry bring nuwe fokus

Mense wat swaarkry, kry 'n nuwe fokus op die lewe. En as jy regtig bitter siek word, onhoudbare pyn verduur het, 'n lewensveranderende krisis deurstaan het, en jy kom weer bietjie tot verhaal, kom jy tot die besef dat jou Vader jou daardeur gedra het. Partykeer het jy Hom bewustelik gesmeek om hulp, ander kere nie regtig nie. Maar hoe ook al: vandat jy bietjie opkom vir lug in die storm, is ander dinge vir jou belangrik as voor die krisis. Jy kom gestroop van baie onnodige bagasie anderkant uit.

Meestal besef 'n mens die genade van hierdie verliese nie dadelik nie, maar een of ander tyd – op die Here se tyd, as Hy jou oë oopmaak – kan jy bely dat dit vir jou goed was om so swaar te kry. En skielik sien jy die genade wat Hy elke dag op jou persoonlik uitstort oral raak, al verdrink jy soms steeds amper.

Hou aan hierdie dankbaarheid en vreugde vas, want jy is 'n ellendige mens. Dankbaarheid en vreugde verdamp ongemerk as jy dit nie gereeld by die Bron aanvul nie. Elke krisis waardeur 'n mens gaan, is maar een brander in die lewe. Jy kan maar weet: soos die see se branders kom daar een of ander tyd nóg branders. As die Here jou genadig is, sal jy vorentoe deur onstuimige tye kom met baie minder angs en al meer vertroue. Jy sal ook in voorspoed naby Hom wil lewe.

Loof die Here dat jy Hom ken – ook in jou pyn

Sonder die Here se genade sal niemand 'n loflied sing nie. Ons lofliedere ontstaan dan juis as ons bewus word van sy genade!

Elke loflied wêreldwyd besing die Here, Skepper van hemel en aarde, liefdevolle en regverdige Vader en soveel meer. As 'n mens Hom goed leer ken, sing jy heel eerste oor die genade daarvan dat jy Hom ken, en daarna oor die herskeppingswonders in elk van sy kinders se harte.

Dan besing jy ook die verbysterende skepping. Die ontsaglike groot aarde met dermiljoene diere, voëls, goggas, goeters kleiner as die kleinste gogga, diere wat nie inpas in die algemene kategorieë wat mense vir diere gemaak het nie, bome, blomplante, plante wat nie blomme dra nie, plante wat nie inpas by die algemene kategorieë wat mense vir plante gemaak het nie. En as jy 'n bietjie wyer kyk, sing jy vol vreugde en ontsag oor woude, kusstreke, woestyne, magtige berge... in elke ding sien ons hoe weldeurdag en wys die Here is.

Ons sien ook hoe Hy voorsiening maak vir mens en dier se voortplanting en liefdevolle versorging van oulike kleintjies. 'n Mens sien dikwels sy humor en speelsheid en erbarming, sy krag en majesteit en skoonheid, sy milde versorging van alles wat lewe. Elke lewende organisme bevestig dat Hy IS.

So het Hy Hom ook in sy Woord aan ons bekend gemaak. Die onvermydelike siekword of oudword en sterwe van elke skepsel herinner aan sy afkeur en woede oor die hoogmoed en selfsug van die mens. Die geskiedenis herinner ons ook aan nog 'n aspek van die Here se openbaring: die storie van elke mens se lewe vertel dit op 'n ander manier, fokus op 'n ander aspek van wie Hy is. Die geskiedenis van Israel is deur die Here gerig 'sodat elkeen op aarde sal erken dat Ek die enige Here is'. Die geskiedenis van elke ander volksgroep eggo dit weer.

Dis vers een tot omtrent tien van jou lofsang, sonder dat ek eers die keervers oor Jesus, wat na elke vers herhaal word, genoem het. Kyk dan na die son en die maan en die sterre... hoe onmeetlik groot is Hy wat die brandende sterre een vir een hul plek in die ruimte gee.

Lofliedere groei uit jou hart se rou, seer grond

As dit met jou swaar gaan, as jy jonk alleen agterbly, as jou eggenoot jou weggooi, as jou dierbares oud word en hulself nie meer kan help nie, as jou kinders groot teenspoed en hartseer beleef of veroorsaak, as jy jou werk verloor, as jy alles verloor en nie meer vir jouself en jou gesin kan sorg nie, as jy siek word en ondraaglike pyn moet uitstaan dag vir dag, of nog erger: as dit jou lewensmaat oorkom, as jy onregverdig beskinder en verneder word, as jy brutale geweld beleef deur mense wat 'n ewigheid ver van die Liefde bestaan, as die lewe nog altyd maar vir jou 'n groot gesukkel was... dan leer jy só baie daaruit wat geen ander mens ooit goed sal verstaan nie. Die Here het hierdie lied in jóú hart laat groei.

Wanneer jy so teen die grond is, sielsmoeg raak en nie meer verder kan nie, is daar net een ding om te doen: vul jouself met kennis van die Here deur te vra na sy wil (vlg. Klaagl. 3:24-25*). Lees die Woord. As woorde nie vir jou suwwe brein wil sin maak nie, dink na oor jou Skepper. Die skepping sing die lied wat jy moet saamsing. As jou keel nie 'n geluid kan maak nie, staan dan net daar en kyk op na die sterre of die sonsopkoms of 'n blommetjie.

Moenie moed verloor nie, wag op die Here. Hy het jou lief en sal jou dra. V

(As agtergrond en vir die leser se eie nadenke, raai ek aan dat jy Klaagliedere 3: 17-38 ook saam met hierdie artikel deurlees – Redakteur)*

Leef en laat leef – loof!

DEUR HESTER VENTER

In die omgewing van Prins Albert in die Karoo, is daar 'n plasie met die naam Aswater, waar die kunstige eienaar paadjies met klippe en boomstompe uitgelê het en aanhalings uit die Bybel met kalligrafie en graveerwerk vir ewig daarop vasgelê het – vir almal om te waardeer. Hier roep die klippe letterlik uit tot die eer en lof van God: "Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep" (Luk. 19:40; 1953-vert.).

In ons dorp is 'n skool en nasorgsentrum vir verstandelik gestremde mense. Baie van hierdie inwoners word deur hulle families hier afgelaai, en word dan gerieflikheidshalwe van vergeet. Vir die res van hulle lewens sal Wenakker hulle tuiste wees. Daar is darem ook engele, soos boere, besighede en privaat instansies, wat hulle ontferm oor hierdie sentrum en gereelde skenkings gee. Die onderskeie kerke van die dorp en ander organisasies steek ook hand uit. Ons weet egter heelwat soortgelyke instellings landswyd, trek noustrop. Toelaes van die regering word nie op 'n gereelde basis inbetaal nie, en behoorlike sorg, mediese dienste en gesonde voedsel bly dan in gebreke.

Tydens 'n huisbesoek aan ons lidmate daar deur ons predikant het hy met die groep gesels oor die feit dat 'n mens soms donker kan voel. Hy het self erken dat hy ook soms negatief voel. Hy het hulle gevra waarvoor sê hulle dankie wanneer hulle soggens wakker word? Verskeie positiewe, geloofsantwoorde het hom verstom, soos een persoon wat gesê het: "Ek sê vir alles wat ek is en het dankie, want alles kom van die Here af." Toe dominee alweer huis toe wil gaan na die besoek, haal een lidmaat 'n klein sak-Bybeltjie uit sy bosak... en hy begin stadig en stamelend Psalm 23 vir die predikant lees, en toe bid hy vir hom nadat hy gelees het. Lof aan God, op sy eie, opregte manier.

Ek het ook op 'n persoonlike vlak baie kontak gehad met die inwoners van hierdie sentrum. Ek was werksaam by 'n tandarts, en op daardie stadium was die staatsfondse genoeg om inwoners een keer per week te bring vir 'n konsultasie, en ook tandherstellings, sou dit nodig wees. Hierdie mense is 'n oop boek; daar is geen filters nie. Jy kan maar oor hulle opmerkings net saamlag en niks persoonlik opneem nie. Hulle noem jou ook altyd "tannie" of "oom", ongeag jou of hulle ouderdom.

Ek was een spesifieke dag geklee in 'n giggelgeel langbroek, met 'n bypassende bloes. Een van die vrouepasiënte van die sentrum kyk my so op en af en sê toe vir my: " "Tannie, jy lyk te pragtig, jy lyk soos 'n "*Easter Bunny*". Nou... ek het nog nooit 'n geel "*Easter Bunny*" gesien nie, en ek troos myself toe maar daaraan dat sy seker net baie lief is vir paaseiers. Hopelik het sy nie heimlik gereken dat ek ook so rond is nie. Nodeloos om te sê, ek het verder 'n giggelgeel sonskyndag beleef!

Op 'n ander dag het 'n jong seun wat pas opgeneem is in die sentrum en by die tandarts kom draai het as pasiënt ook 'n vrye sê gehad. Hy deel my toe so ewe plegtig mee: "My pa en my ma is geskei. Julle moet die rekening vir my pa stuur, want my ma het niks met die prys van eiers uit te waai nie." Natuurlik verkneukel jy jouself dan so in die stilligheid.

Maar die wondermooi wat ons by hierdie sentrum se inwoners leer, ook hulle wat lidmate is van ons gemeente, is die uitreik na mekaar, die onvoorwaardelike liefdesbediening en hulp wat hulle aan mekaar verleen en ook aan ander wat hulle pad kruis. Ek verstout my om te sê hulle is vir ons 'n voorbeeld in voluit leef en laat leef om die Here ook so te loof!

Ek weet Jesus se opdrag in Lukas 18:16-17 (1983-vertaling) "Laat die kindertjies na my toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle", het nie net te make met fisiek klein kindertjies nie, maar dat ons almal soos kinders in die geloof klein voor Hom moet word. Maar ek is oortuig daarvan dat hierdie mense met hulle verstandelike geremdhede, vir ons 'n voorbeeld leef van wat dit beteken om soos kinders in die Here te glo, om soos kinders verbysterd te staan oor die onverdiende genade wat ons in Christus gekry het en om dan so te lewe: Dat ons liefdevol leef en ander laat leef (vir hulle ruimte gee) en so ook die Here met ons lewens loof.

As gelowiges moet elkeen van ons ons lewe weer in oënskou neem en onsself afvra of ons so leef? Ons wat die diepte en rykdom van die evangelie in ons ronddra, is veronderstel om in liefde uit te reik na mense wat swaarkry sodat ons dade, ons lewe 'n loflied vir die Here sal wees.

Dit is dikwels beskamend dat ongelowiges of mense van ander gelowe uitreik in diensbaarheid, terwyl ons Christene se dade stom-stil bly. Dink maar aan Imtiaaz Sooliman, die stigter van die *Gift of the Givers*-organisasie, wat ongelooflike goeie werk verrig en hulp verleen sonder inagneming van enige geloof, ras, kleur, of kultuur waar dit ook al benodig word. So weet ons was die *Gift of the Givers* ook intensief betrokke by die onderhandelings en vrylating van Yolande Korkie en haar man Pierre.

Kyk ek na my eie lewe, vra ek myself af: Is my uitreik, my omgee en die verskil wat ek maak 'n verskil diep uit my geloofshart omdat liefdesbediening 'n opdrag van Hom af is? Is my lewe as Christen 'n loflied tot eer van God?

Of sal die klippe dit ook later moet uitroep? V